Veldvernuf

"Hoe eng is die begrip van hom wat die bedrywige geskarrel van die mier hoër ag as die musiek van die sprinkaan."
- Kahlil Gibran

Doelwit: *Om die Verkenner die vaardigheid aan te leer om homself in die veld met vertroue te kan handhaaf.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. 'n Voortrekker is diensvaardig.

ABC: Veral burgerskap en Christenskap word aangespreek deur die aanbieding van die spesialisasie. Die kennis wat ingewin word oor die verantwoordelike gebruik van die natuur, kan gebruik word om die kultuuropdrag van God uit te leef. As goeie landsburger leer die Verkenner om die natuur só te gebruik dat dit bewaar sal word vir die nageslag.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	Minstens 5 dae aaneenlopend	**Graadgroep:**	8 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die spesialisasie kan slegs in groepsverband afgehandel word. • Die spesialisasie moet aangebied word tydens 'n kamp in die veld wat minstens vyf dae aaneenlopend plaasvind.		
Toekennings instansie:	Gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Vertroud wees met die volgende:*
   - *1.1 Die faktore wat 'n goeie en veilige tydelike verblyfplek bepaal.*
   - *1.2 Skuilings wat in verskillende omstandighede gebruik word.*
   - *1.3 Die invloed wat die skuiling op die ekosisteem kan uitoefen.*
   - *1.4 Veldsanitasie en die gepaardgaande persoonlike higiëne.*
   - *1.5 Die opsporing van onder- en bogrondse waterbronne.*
   - *1.6 Die gevare, identifisering en behandeling van siektes veroorsaak deur die gebruik van onsuiwer water.*
   - *1.7 Die suiwering van veldwater.*
   - *1.8 Die benutting van plante as waterbron.*
   - *1.9 Metodes om eetbare insekte te vang.*
   - *1.10 Die onderskeid tussen eetbare en nie-eetbare vrugte, plante en insekte.*
   - *1.11 Die verskillende tipes vure en hul gebruike (bv. rooklose vure en rookvure).*
   - *1.12 Die moontlike oorbenutting van die natuur en versteuring van die ekostelsel.*

2. *Die volgende doen:*
   - *2.1 Van voorsiene materiaal 'n tou vleg en gebruik.*
   - *2.2 'n Doelmatige skuiling bou met voorsiene materiaal en dit na benutting afbreek en opruim.*
   - *2.3 'n Waterhouer vervaardig en/of 'n wapen vervaardig, byvoorbeeld pyl en boog, spies, kierie (met voorsiene materiaal).*
   - *2.4 Water deur middel van kondensasie bekom.*
   - *2.5 'n Rookvuur maak (op nat grond of in 'n gat) met die oog op die rook- of droog van voedsel.*
   - *2.6 Binne **drie** uur soveel voedsel- en waterbronne as moontlik identifiseer en op 'n kaart aandui (dit moet binne **een** uur loopafstand bereik kan word).*

3. *Ten minste **drie** dae onder toesig van 'n offisier met die minimum geriewe in die veld deurbring en die volgende doen:*
   - *3.1 Van veldvoedsel en/of droë rantsoene lewe (die hoeveelheid en aard hiervan is vooraf bepaal).*
   - *3.2 Sodanig in die veld beweeg dat energie- en waterverlies tot 'n minimum beperk word.*
   - *3.3 Kan rigting hou met behulp van die sterrebeelde en/of natuurlike bakens.*

HOU KOERS

3.4 Naggeluide herken wat as waarskuwingstekens dien.
3.5 Basiese spoorsny- en bekruiptegnieke kan toepas.
3.6 Eenvoudige onderlinge kommunikasiekanale kan improviseer.
3.7 Noodseine en noodtoerusting kan gebruik.
3.8 Basiese reddingswerk kan doen.

WENK
*Gedurende die **drie** dae tydperk moet soveel as moontlik van die teoretiese kennis in die praktyk toegepas word.*